
**MPO AANWYSER 12/17 September 2020**

**AGRI INSPEC ONDERSOEK MANANGA-GRENSPOS RAKENDE SUIWELINVOERE**

Agri Inspec maak gebruik van hoërisikofilters en tegnieke wat as vroeë waarskuwingstekens dien, as drastiese verandering in die invoerlandskap van die suiwelsektor plaasvind. Handelstransaksies volg gewoonlik ʼn gereelde patroon, en enige afwyking van die patroon maak dit moontlik om vinnig statistiese uitskieters of nuwe ontwikkeling te identifiseer.

Een van die resultate van die COVID -19 pandemie is die opbou van sekere suiwelprodukte se voorraadvlakke in die belangrikste lande wat suiwel uitvoer. Dit het Agri Inspec aangespoor om die pogings te verskerp om alle beskikbare inligtingsbronne deur te werk en data-ontginning te doen om ongewone ontwikkeling in suiwelinvoere te identifiseer. Vroeër vandeesmaand is die invoer van afgeroomde melkpoeier (AMP) van lae pryse uit die Europese Unie geïdentifiseer as ʼn risiko vir die bedryf.

In Junie 2020 is ʼn vroeë waarskuwingsteken geaktiveer om ʼn patroonverandering by die Mananga-grenspos (met Eswatini – Swaziland) teen die basislyn te identifiseer.




Bron: Statistiek SA

In die bostaande grafiek vorm die 2019-invoerpersentasies die basislyn, teenoor die maandelikse waardes vir Mei, Junie en Julie.

Die grenspos van Mananga is gewoonlik dormant wat die invoer van suiwel betref, soos geïllustreer in die basislyn vir 2019. In Mei en Junie 2020 is amptenare egter gewaarsku deur werklike invoeraktiwiteite vir suiwelprodukte by die grenspos. Die invoer is daarna in Julie gestaak en die ondersoek vorder goed.

**Bertus van Heerden, bestuurder Agri Inspec**